# HOOFSTUK 2

# DIE AARD EN WESE VAN DIE ADOLESSENT BINNE GESINS- EN SKOOLVERBAND

## 2.1 INLEIDING

Adolessensie is vir baie eeue reeds 'n onderwerp van bespreking onder filosowe en opvoedkundiges. Die wetenskaplike bestudering daarvan het egter eers teen die begin van hierdie eeu begin (Santrock, 1981: 34).

In die Westerse kultuur duur die drumpeltydperk tussen kind-wees en volwasse-wees baie langer omdat die volwasse lewe waarop die kind hom voorberei meer gekompliseerd is en trouens steeds meer gekompliseerd raak (Engelbrecht, Kok & Van Biljon, 1982: 74; Mussen, Conger, Kagan & Huston, 1990: 583). Die wyse waarop adolessente hanteer word, het uiteraard dramaties verander (Santrock & Yussen, 1984: 10).

Volgens Mussen *et al.*, (1990: 568), word adolessensie, veral vroeë adolessensie gekenmerk deur verandering - nie alleen word die adolessent gekonfronteer met fisiese-, seksuele-, psigologiese-en kognitiewe verandering nie, maar ook verandering ten opsigte van sosiale verwagtinge deur ouers, onderwysers, portuurgroep en die samelewing. Op sy weg na volwassenheid ontwikkel die kind mettertyd 'n selfkonsep wat grootliks afhang van die liefde, versorging en positiewe aandag wat hy ontvang (Pearce, 1977: 83). Ofskoon die adolessent wat bogenoemde ontbeer, meer kwesbaar is vir depressiewe gevoelens, is die tienerjare, volgens Stupple (1987: 65) oor die algemeen 'n tydperk van groot depressie. Die aard van die adolessent word waarskynlik die beste weergegee in 'n gedig deur 'n st. 9-dogter, soos aangehaal deur Engelbrecht *et al.*, (1982: 99),

wat dié lewensfase as die wipplank-ry van emosies beskryf. Sy sluit af met die volgende strofe:-

"Wysheid kom met vader tyd
Daarmee ook
Die wipplank se stabiliteit."

Bemporad (1988: 26), is van mening dat die onvermoë om aan die ontwikkelingstake te voldoen 'n bedreiging vir die selfkonsep inhou en die individu kwesbaar maak vir depressiewe gevoelens. In hierdie onseker tydperk lê dit op die weg van diegene wat met die adolessent bemoeienis maak, om rigting en leiding te verskaf sodat die adolessent tot volle aktualisering kan kom.

## 2.2 BEGRIPSVERKLARING

### 2.2.1 Puberteit

Volgens Gouws *et al.*, (1979: 250) is puberteit die ontwikkelingstadium "waartydens die vermoë tot reproduksie bereik word en die sekondêre geslagskenmerke begin ontwikkel". By meisies neem die stadium 'n aanvang kort voor die eerste menstruasie wat gewoonlik op 12- of 13-jarige leeftyd plaasvind. By seuns word die aanvang gekenmerk deur onder meer die pigmentering van die skaamhare op omtrent 13- of 14-jarige leeftyd.

In teenstelling met die relatiewe kalmte van die middelkinderjare word puberteit, en in die besonder prepuberteit (10-13 jaar), gekenmerk deur 'n rusteloosheid en 'n moeilike oorgangstydperk. Dit is waarskynlik te wyte aan 'n tydelik verhoogde blootstelling aan konflikte en probleme van die prelatente jare, afhanklikheid van prelatente verdedigingsmeganismes en die vooruitskouing van die ontwikkelingstake en uitdagings van adolessensie. Die regressiewe en progressiewe aspekte van hierdie oorganstydperk gaan volgens Goldings (1979:

199), gepaard met gevoelens van vrees, skugterheid en bedeesdheid wat afgewissel word deur gevoelens van entoesiasme en gretigheid. Die kind in sy puberteitsjare is 'n vreemdeling vir homself omdat nuwe behoeftes en belangstellings tesame met snelle liggaamlike groei, fisiese verandering in voorkoms en hormonale funksies hom verwar. Genoemde faktore maak die kind in hierdie fase uitermatig kwesbaar vir depressiewe gevoelens.

### 2.2.2 Adolessensie

Die term "adolessensie" is afgelei van die Latynse werkwoord "adolescere" wat "om op te groei" of "om te groei tot volwassenheid" beteken (Thom, 1984: 339) en dui op die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid.

By adolessensie word onderskei tussen vroeë-, middel- en laatadolessensie. Vroeë adolessensie wissel gewoonlik van 10 of 12 jaar tot 14 of 15 jaar, middeladolessensie van 15 tot 18 jaar en laatadolessensie vanaf ongeveer 15 tot 22 jaar (Santrock & Yussen, 1984: 415 & 419).

Vervolgens word die ontwikkeling van die adolessent, met spesifieke verwysing na die middeladolessent, onder die loep geneem.

## 2.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESSENT

### 2.3.1 Oriëntering

Volgens Monteith, Postma, Scot & Van der Westhuizen (1986: 23), word die adolessent, as 'n biologiese, psigologiese, sosiale en kulturele wese, se ontwikkeling deur genetiese, psigologiese en sosiologiese faktore beïnvloed. Genoemde faktore tree deurgaans in wisselwerking op (Gerdes, 1988: 10). In teenstelling met die populêre siening dat die adolessent rebels en gedurig in botsing

met heersende normes en waardes is, wys Thom (1984: 341) daarop dat navorsing wat die "gemiddelde" adolessent betrek, daarop dui dat die meeste adolessente hul ouers se waardes ten opsigte van godsdiens, etiek en politiek aanvaar.

Vanweë die diversiteit wat tussen individue bestaan, val alle adolessente egter nie in hierdie kategorie nie en kan die veranderinge wat plaasvind groot opvoedkundige implikasies inhou. Die verskillende aspekte van ontwikkeling word vervolgens bespreek.

### 2.3.2 Fisiologiese- en liggaamlike ontwikkeling

#### 2.3.2.1 Fisiologiese ontwikkeling

Coleman (1980: 12), is van mening dat die veelvoudige fisiologiese- en morfologiese veranderinge wat tydens adolessensie voorkom, van die belangrikste aanpassings is wat die jongmens in sy lewe moet maak. Die fisieke ontwikkeling wat plaasvind, kan nooit los van die totale ontwikkeling van die mens gesien word nie (Postma, 1986: 50). Daar is voortdurend iets in die liggaam aan die gebeur - die ontwikkelingsproses is aldus Eichorn (1980: 63), dus 'n kontinue proses wat in werklikheid nooit eindig nie.

Die groei wat by die adolessent plaasvind, word geaktiveer deur hormonale verandering (Atwater, 1983: 41). Die adolessent se liggaam word letterlik oorspoel met hormone wat die fisieke groei teweeg bring (Santrock, 1981: 108). Die verhoogde hormoonvlakke het volgens onlangse navorsing ook 'n invloed op die adolessent se sosiale- en emosionele ontwikkeling (Seifert & Hoffnung, 1991: 516).

Die meeste interne organe doen mee aan die groeiproses en ondergaan self ook verandering in samestelling en biochemiese reaksies (Eickorrn, 1980: 68).

Benewens die aanpassings wat in die endokriene stelsel plaasvind, is die brein, skedel, rugmurg en ander komponente met die aanbreek van puberteit byna volledig ontwikkel. Die hart en longe neem toe in grootte en kapasiteit. Voorts bereik die liggaamstemperatuur volwasse vlakke en die neiging van die metabolisme om voortdurend te verlaag, word tydelik teëgewerk, wat 'n aanduiding is van die verhoogde fisiologiese aktiwiteit wat in dié tydperk plaasvind (Garbarino, 1985: 110-111).

Dit is belangrik om daarop te let dat die adolessent bogenoemde inwendige fisiologiese verandering, asook die uiterlike liggaamlike verandering bewustelik ervaar. Dit gaan, aldus Thom (1984: 345), gepaard met gevoelens van sowel verwondering, trots en vreugde as onsekerheid, skaamte en weersin.

### 2.3.2.2 Liggaamlike ontwikkeling

Tydens die adolessentejare word daar volgens Atwater (1983: 430), onderskei tussen die volgende tipes groei: verandering in lengte, verandering in gewig, verandering in beenstruktuur, verandering in spiere, verandering in geslagskliere en die verandering in die voortplantingsorgane. Vervolgens word die ontwikkeling op genoemde terreine onder die loep geneem:

- Lengte: Alhoewel groot individuele verskille voorkom, groei die bene eerste en word sowat 'n jaar later gevolg deur die romp. Die tempo van groei is vinniger by die uiteindes van die ledemate waar baie beentjies voorkom en daarom ondervind adolessente probleme met hande en voete wat buite verhouding groot is (Eichorn, 1980: 67).

By dogters begin die sogenoemde "groei-uitbarsting" op ongeveer 10½-jarige ouderdom en duur ongeveer 2 jaar. By seuns begin dit op ongeveer 12½ jaar en duur ook 2 jaar. Vanweë die groot diversiteit wat egter bestaan, mag dogters die

"groei-uitbarsting" reeds op 7½ jaar of eers op 11½ jaar ervaar, terwyl seuns dit reeds op 10½ jaar of so laat as 16 jaar kan ervaar (Santrock, 1981: 113).

- Gewig: Die tempo waarteen die adolessent gewigstoename ervaar, stem min of meer ooreen met die tempo waarteen toename in lengte plaasvind (Santrock, 1981: 114). Tog is die totale gewigstoename groter as die totale toename in lengte. Op ongeveer 11-jarige ouderdom bereik seuns 55% en dogters 59% van hul volwasse gewig (Garbarino, 1985: 108).

- Beenstruktuur- en spierontwikkeling: Volgens Atwater (1983: 47), bereik die skedel heel eerste volwasse grootte en die brein bereik ongeveer 95% van sy volwasse gewig voor die "groei-uitbarsting". Die meeste veranderings wat die kop tydens puberteit ondergaan, is as gevolg van die groei van die kakebeen, gelaatstrekke en veral die neus.

  Ten opsigte van spierontwikkeling bereik dogters hul piek op dieselfde stadium wanneer hul lengte met rasse skrede toeneem. Daarteenoor bereik seuns sodanige piek eers 'n jaar na hul lengte-uitbarsting (Atwater, 1983: 47). Tot ongeveer 13 jaar is daar geen verskil in krag tussen seuns en dogters nie. Tog ontwikkel seuns se spiere gaandeweg sodat hulle oor die algemeen sterker as meisies is (Mussen *et al.*, 1990: 572).

  Tydens die toename in skelet- en spiergroei vind daar volgens Eichorn (1980: 67), ook 'n algemene afname in liggaamsvette plaas. Nà die "groei- uitbarsting" vind daar egter weer 'n toename in liggaamsvette plaas. Die adolessent wat dus tydens die "groei-uitbarsting" oorgewig is, kan emosionele probleme ervaar vanweë sy andersheid.

- Ontwikkeling van geslagskliere en voortplantingsorgane: Die ontwikkeling van geslagskliere en voortplantingsorgane dui op die sogenoemde primêre

geslagskenmerke (Postma, 1986: 56). By seuns begin die testes, penis, skrotum en skaamhare tussen 11½ jaar en 13 jaar vinnig groei. By meisies kom vinnige groei van die vagina, ovaria en uterus tussen 11 en 14 jaar voor. In hierdie staduim vind die eerste menstruasie of "menarche" ook plaas (Postma, 1986: 57). Die gemiddelde meisie se borste begin vanaf 11 jaar ontwikkel en is teen 15½ jaar ten volle ontwikkel (Santrock, 1981: 117).

### 2.3.2.3 Opvoedkundige implikasies

Die fisiologiese- en liggaamlike veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, het bepaalde implikasies op die primêre- en sekondêre opvoedingsituasie. Dit is belangrik dat diegene wat met die opvoeding van die adolessent gemoeid is, daarvan kennis neem.

Aangesien adolessensie 'n tydperk is waarin die individu gepreokkupeerd is met die liggaam, is dit vir diegene wat óf te vinnig óf te stadig ontwikkel 'n groot bron van kommer (Mc Coy, 1982: 17). Niemand wil in hierdie tydperk anders wees nie. Volgens Engelbrecht *et al.*, (1982: 75), ondervind jeugdiges soms probleme om met hierdie veranderende en "nuwe" liggaam versoen te raak.

Seifert en Hoffnung (1991: 522), wys daarop dat seuns wat vinnig ontwikkel 'n voordeel het bo seuns wat stadig ontwikkel. Die portuurgroep, onderwysers en ander belangrike persone in hul lewens reageer positief teenoor sodanige seuns vanweë hul meer volwasse gedrag. Dit plaas egter meer druk op hulle deurdat verwagtinge wat aan hulle gestel word dikwels onrealisties is. Tog kry die vroeë ontwikkelaar meer sosiale aanvaarding as die seun wat stadig ontwikkel. Vroeë rypwording strek egter tot nadeel van die dogter deurdat sy te vroeg by heteroseksuele verhoudings betrokke mag raak - iets waarvoor sy psigologies nie

gereed is nie en iets wat onaanvaarbaar is vir die portuurgroep, ouers en onderwysers.

Opvoedkundiges behoort daarop bedag te wees dat veral seuns, as gevolg van ongelykmatige groei en 'n groot toename in spierkrag, tydens adolessensie lomp en onhandig voorkom.

Alhoewel die effek wat die tempo van ontwikkeling op jeugdiges het van seuns tot dogters verskil, behoort daarop gelet te word dat veral seuns wat laat ontwikkel, hul adolessentejare nie aangenaam ervaar nie. Hulle voel dikwels ontoereikend omdat hulle nie kan meeding nie (Engelbracht *et al.*, 1982: 78). Dit lê op die weg van die opvoeder om die adolessent te help om sy veranderende liggaam, en die moontlikhede wat daarin opgesluit lê, te aanvaar en te ontgin.

### 2.3.3 Seksuele ontwikkeling

#### 2.3.3.1 Verwerwing van 'n geslagsrolidentiteit

Die verwerwing van 'n bepaalde geslagsrolidentiteit speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van seksualiteit (Coleman, 1980: 56; Seifert & Hoffnung, 1991: 607). Die term "geslagsrol" verwys na die karaktertrekke wat tradisioneel eie is aan 'n bepaalde geslag (Berk, 1991: 517; Santrock, 1981: 465). Die karaktertrekke wat deur die adolessent beskou word as eie aan 'n bepaalde geslag, sal in 'n groot mate ooreenstem met die beskouing van volwassenes (Huston-Stein & Welch, 1980: 230). Daar word van die adolessent verwag om sodanige karaktertrekke te openbaar (Santrock, 1981: 465). In die proses ervaar die adolessent hom/haar as manlik/vroulik en gepaardgaande persoonlikheidseienskappe en gedrag word geopenbaar (Gerdes, 1984: 442). Tog

word 'n groot verskeidenheid gedragstipes in dieselfde geslag aangetref (Berk 1991: 250).

Die nuutontdekte seksualiteit wat die adolessent ervaar, vorm 'n integrale deel van sy interpersoonlike verhoudingslewe (Garbarino, 1985: 327). Om sy seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te leef, sodat dit positief kan bydra tot sy identiteitsontwikkeling, is aldus Thom (1984: 351), 'n belangrike ontwikkelingstaak waaraan die adolessent moet voldoen. Die ontwikkeling van seksualiteit is egter nie eensklaps voltooid nie - dit is 'n kontinue proses wat deur biologiese, fisiologiese, sosiale en kulturele faktore beïnvloed word (Garbarino, 1985: 328).

### 2.3.3.2 Opvoedkundige implikasies

Louw *et al.*, (1984: 402) is van mening dat die samelewing en die kultuur waarbinne die adolessent ontwikkel, die aard van sy seksualiteit bepaal, asook die mate van konflik, skuldgevoelens en spanning wat daaroor ervaar word. Die individu verkry 'n verwysingsraamwerk vir sy seksuele aktiwiteite vanuit die samelewing se waardes en normes ten opsigte van seksuele gedrag. Vanweë sosiale veranderinge word sodanige norme tans teen 'n ontstellende tempo gewysig (Smith & Cowie, 1991: 242). Die ouerhuis, die skool en die kerk het in dié verband 'n besliste rol te speel.

Alhoewel sommige adolessente oor genoegsame kennis van 'n bepaalde geslagsrol beskik, ontbreek die motivering om sodanig op te tree. Sodanige motivering verkry die adolessent uit sy omgewing, te wete sy ouers, skool, portuurgroep, media en ander gesinslede. Tog verkies nege uit tien adolessente om deur hul ouers ingelig te word oor seksuele ontwikkeling (Steinberg & Levine, 1992: 83). Volgens genoemde skrywers is die meeste ouers egter huiwerig om met hul kinders oor seks te praat. Dit is belangrik dat ouers nie sal wag tot hul kinders in

'n verhouding betrokke raak voordat hulle dié onderwerp aanspreek nie. Ouers moet ook nie probeer om alles daaroor op een slag te sê nie. Voorts is dit belangrik dat ouers hul tieners se privaatheid sal respekteer (Steinberg & Levine, 1992: 86).

Met die aanbreek van puberteit word die invloed van die skool in geslagsrolontwikkeling duidelik onderstreep:- die ideale seun word byvoorbeeld as aktief, avontuurlustig, aggressief, nuuskierig, energiek, onafhanklik, vindingryk, ondernemend en openhartig beskou. Die ideale model vir 'n meisie word gekenmerk deur kalmte, waardering, samewerking, sensitiwiteit, afhanklikheid, volwassenheid, pligsgetrouheid, bedagsaamheid, beleefdheid, deeglikheid en hulpvaardigheid (Santrock, 1981: 475). Versterking van toepaslike gedrag gee onbewustelik aan die adolessent leiding met betrekking tot geslagsrolontwikkeling.

Aangesien die ontwikkeling van seksualiteit 'n groot aandeel in die adolessent se identiteitsontwikkeling en sy interpersoonlike verhoudingslewe speel, kan wanaanpassings in dié verband tot ernstige emosionele ongesteldheid lei. In hierdie tydperk, waarin die adolessent as't ware gekonfronteer word met manwees of vrouwees, behoort die onderwyser en ouer beskikbaar te wees om die adolessent te begelei tot aanvaarding van 'n bepaalde geslagsrol. Ouers vervul 'n sleutelrol in die vorming van 'n realistiese, positiewe en verantwoordelike gesindheid teenoor seks en seksualiteit (Steinberg & Levine, 1992: 77).

### 2.3.4 Kognitiewe ontwikkeling

#### 2.3.4.1 Denkstadia

Die adolessent se kognitiewe vermoë ontwikkel volgens Thom (1984: 360), kwalitatief en kwantitatief: kwantitatief in die sin dat die adolessent intellektuele take makliker, vinniger en effektiewer kan bemeester, en kwalitatief in die sin van

verandering ten opsigte van die aard of stuktuur van die denkprosesse. Ofskoon die kwantitatiewe benadering met betrekking tot intellektuele ontwikkeling sedert die aanvang van hierdie eeu by die meting van intelligensie geld, is daar tans 'n groeiende belangstelling in die kwantitatiewe benadering tot intellektuele ontwikkeling. Laasgenoemde word oor die algemeen beskryf in terme van Jean Piaget se fases van kognitiewe ontwikkeling (Atwater, 1983: 63). Piaget het gemeen dat die adolessent se ontwikkeling die resultaat is van die interaksie tussen biologiese en genetiese faktore aan die een kant en die ervaring uit die omgewing aan die ander kant. Die produk van sodanige interaksie is aldus Santrock (1984: 59), die vorming van 'n kognitiewe stadium. Elke stadium waardeur die individu gaan, vereis aanpassing en organisasie van bestaande denkprosesse om aan die eise van die ontwikkelingstake te voldoen.

Piaget onderskei die volgende denkstadia:-

- sensories-motoriese stadium (0-2 jaar);
- vooroperasionele stadium (2-7 jaar);
- konkreet-operasionele stadium (7-11 jaar) en
- formeel-operasionele stadium (11/12 jaar en ouer) (Atwater, 1983: 64).

Uiteraard ontwikkel sekere kinders/adolessente kognitief stadiger as ander en bereik die formeel-operasionele stadium eers later. Monteith (1986: 132), is van mening dat formeel-operasionele denke op ongeveer 15 jaar ten volle ontwikkel is. Hieroor bestaan egter geen eenstemmigheid nie en Coleman (1980: 33), het aangetoon dat 'n betekenisvolle aantal kollegestudente en middeljarige volwassenes nie van formeel-operasionele denke in probleemoplossing gebruik

maak nie. Dit kan aldus Mussen *et al.*, (1990: 581), toegeskryf word aan beperkte vermoëns of kulturele beperkinge.

Die adolessent is tydens die formeel-operasionele stadium in staat om skematies, abstrak en formeel-operasioneel te dink. Terwyl hy voorheen slegs tot die konkrete beperk was, bevra hy nou baie dinge, redeneer daaroor en vorm geleidelik 'n eie selfstandige mening (Engelbrecht *et al.*, 1982: 80). Die adolessent dink volgens Thom (1984: 360), byvoorbeeld oor religieuse begrippe soos die bestaan van God, wetenskaplike onderwerpe, eietydse strydvrae soos of die menslike ras homself sal vernietig, die wettiging van aborsies, sosiale, politieke en persoonlike waardes en die uniekheid van sy kenmerke en gevoelens.

Ofskoon die vermoë om in meer as een dimensie te dink nuwe wêrelde vir die adolessent ontsluit, kan hy egter ook hierdeur oorweldig word (Engelbrecht *et al.*, 1982:80).

#### 2.3.4.2 Opvoedkundige implikasies

Uit bogenoemde blyk dit dat die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent bepaalde implikasies inhou waarvan die opvoeder bewus moet wees.

Vanweë die groot diversiteit wat bestaan, kan sommige kinders minderwaardig en ontoereikend voel wanneer hulle hulself met die portuurgroep vergelyk. Opvoeders wat nie in staat is om genoegsaam te differensieer nie, kan die probleem vererger. Aangesien die druk tot akademiese prestasie en sukses vir die adolessent toeneem, kan mislukking vir sommige leerlinge negatiewe gevolge inhou, wat in verdediging- en aanpassingsmeganismes soos skuheid en afsondering, dagdrome, resessiwiteit, simulasie (skoolsiekte), konversiereaksies en stokkiesdraai

manifesteer. Hierdie verdedigings- en aanpassingsmeganismes kan op hul beurt tot depressiewe gevoelens lei.

Die tempo waarteen die individu van een stadium na 'n ander gaan, word deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed. Dit sluit onder andere fisiese rypwording en die groei van die brein, asook sosiale sisteme binne die adolessent se wêreld, soos die gesin, skool en gemeenskap in (Garbarino, 1985: 142; Graber & Petersen, 1991: 274). In dié verband doen Garbers *et al.*, (1983: 81) aan die hand dat opvoeders

- kinders moet toelaat om selfstandig en onafhanklik op te tree;
- strengheid en dissipline met redelikheid moet temper;
- die kind geleentheid moet gee om te ondersoek;
- gewillig moet wees om hul optrede en besluite te bespreek en te verduidelik, en
- kinders binne 'n klimaat van geborgenheid moet opvoed.

Sodoende word 'n positiewe bydrae tot die jeugdige se kognitiewe ontwikkeling gelewer.

Aangesien die adolessent in staat is om die moontlike met die werklike te vergelyk, bevraagteken hy die ouers se waardes en vergelyk dit met dié van ander ouers. Hy word dus bewus van onkonsekwenthede tussen die waardes van die ouers en hul werklike gedrag. Dit lei, volgens Thom (1984: 363), tot rebelsheid teenoor die ouers en die samelewing in geheel.

Die adolessent se toenemende vermoë om hipoteses te formuleer en abstrak te dink, lei tot 'n kritiese beskouing van bestaande sosiale, politieke en religieuse stelsels. Intense besprekings oor moontlike alternatiewe stelsels word voortdurend gevoer (Thom, 1984: 364). Dit kan tot botsing met bestaande gesagsfigure lei indien laasgenoemde nie die nodige begrip vir die adolessent toon nie.

Omdat die adolessent, volgens (Thom 1984: 364), kan onderskei tussen die werklike en die moontlike, word hy bewus van hoe dinge kòn gewees het. Dít lei tot gemoedskommelinge wat wissel van depressie en ontevredenheid tot vreugde en geluk. Dit lê op die weg van die volwasse begeleier om sodanige adolessent te help om dit wat nie verander kan word nie, te aanvaar.

Soos vroeër aangetoon is die adolessent met sy eie denke gepreokkupeer en onderskei hy moeilik tussen dit waaroor hy dink en dit waaroor ander mense dink. Die adolessent glo volgens Thom (1984: 364), dat ander, net soos hy, met sy gedrag en voorkoms gepreokkupeer is. Sodoende skep hy vir hom 'n denkbeeldige gehoor en ervaar hy gevoelens van intense selfbewustheid. Dit maak hom uiters kwesbaar vir depressiewe gevoelens.

Vervolgens word die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent bespreek.

### 2.3.5 Persoonlikheidsontwikkeling

#### 2.3.5.1 Persoonlikheid as "geïntegreerde, dinamiese organisasie".

Volgens Louw (1982: 93), dui persoonlikheid op die "geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore". By die ontwikkeling van sodanige eienskappe sal die individu

se selfkonsep ook 'n rol speel aangesien die wyse waarop hy optree, herlei kan word na wat hy van homself in 'n bepaalde situasie dink (Vrye & Venter, 1984: 99-104). Dit moet in gedagte gehou word dat die adolessent hom in 'n groter wordende gemeenskap bevind waarin hy nuwe take en rolle moet vervul en in nuwe situasies moet funksioneer (Mussen *et al.*, 1990: 583). Die onsekerheid waarmee die adolessent hierdie nuwe wêreld betree het bepaald 'n effek op sy persoonlikheidsontwikkeling. Vanweë die onsekerheid wat die adolessent ervaar, is hy geneig om 'n verskeidenheid modelle na te streef. In dié verband wys Mussen *et al.*, (1990: 608), daarop dat dit juis dié adolessent is wie 'n verskeidenheid van sosiale- en persoonlike rolle kan uittoets wie die beste voorbereid is vir die sosiale- en beroepsverantwoordelikhede, asook die intieme, emosionele eise wat deur die huwelik gestel word.

### 2.3.5.2 Identiteitsvorming

Identiteit verwys volgens Thom (1984: 395), na die individu se bewustheid van homself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing en sluit die volgende in:

- die vorming van 'n kontinue, geïntegreerde geheelbeeld van die self;
- identifikasie met die portuurgroep;
- verdere vorming en ontwikkeling van die geslagsrolidentiteit, en
- die vorming van 'n beroepsidentiteit.

Die soeke na 'n eie identiteit begin volgens Sebald (1984: 4), reeds in die babajare en strek tot in bejaardheid. Tydens adolessensie neem hierdie soeke egter kritieke

afmetings aan en ondergaan identiteit die grootste verandering ooit (Atwater, 1983: 121; Hopkins, 1983: 95).

Identiteitsvorming tydens adolessensie kan nie geïssoleerd gesien word nie; dit moet in samehang met die voorgaande stadia, soos deur Erikson onderskei, gesien word (Monteith *et al.*, 1980: 185). Dit impliseer volgens Monteith (1986: 184), juis die bemeestering van die ontwikkelingstake van die kinderjare. Die tempo waarteen identiteit verwerf word, verskil ook van individu tot individu: terwyl sommige te vroeg 'n beperkte identiteit ontwikkel om verdere persoonsverwarring te vermy, verkeer ander vir jare in 'n sogenoemde psigososiale moratorium*, waartydens 'n verskeidenheid identiteite uitgetoets word (Sebald, 1984: 4).

Vervolgens word die implikasies van die sogenaamde identiteitskrisis van nader beskou.

### 2.3.5.3 Opvoedkundige implikasies

Dit is belangrik dat die opvoeder begrip sal hê vir die onsekerheid en verwarring wat die adolessent ervaar tydens sy soeke na 'n eie identiteit. Dit word waarskynlik die beste geïllustreer deur die volgende pleidooi van 'n sestienjarige seun:-

"So if you say you know me,
Please sir, look again,
For no one knows who I am but me,
And then, do I really?" (Broughton, 1981: 23).

---

* 'n Tydperk wat deur die samelewing aan die adolessent gegun word om homself en sy rol as toekomstige volwassene te vind (Thom, 1984: 397).

In sy soeke na 'n eie identiteit en erkenning is dit volgens Seifert en Hoffnung (1991: 605), veral vir die depressiewe adolessent belangrik om ernstig opgeneem te word. Hierdie behoefte word dikwels deur ouers en onderwysers geïgnoreer.

Wanneer 'n identiteit gevorm word wat nie strook met die norm van die bepaalde gemeenskap nie, word 'n negatiewe identiteit gevorm. 'n Adolessent met sodanige identiteit word volgens Thom (1984: 398), as 'n mislukking, deugniet en jeugmisdadiger geëtiketteer. Indien dit die oorwegende boodskap is wat hy kry, gaan hy waarskynlik presies dit word.

Identiteitsverwarring ontstaan wanneer die adolessent nie geleentheid gebied word om met verskillende rolle te eksperimenteer nie of as sy ouers, onderwysers of die portuurgroep sulke hoë eise aan hom stel dat hy nie daaraan kan voldoen nie. Hy is nie in staat om enige besluite oor homself of sy rolle te neem nie. Hy kan nie die verskillende rolle integreer nie en wanneer hy met teenstrydige waardestelsels gekonfronteer word, kan hy nie besluite neem nie (Thom, 1984: 398). Dit kan volgens Hopkins (1983: 81), aanleiding gee tot 'n gevoel van onbekwaamheid en kan slegs lei tot 'n negatiewe identiteit. Te hoë eise en rolverwagtinge kan die adolessent ook dwing om die rolle slegs te vertolk sonder om daarmee te identifiseer. Op dié wyse word geen identiteit gevorm nie. Dit staan bekend as 'n vooruitbesliste identiteit (Thom, 1984: 398).

Volgens Atwater (1983: 128), kom baie adolessente voor die probleem van vervreemding te staan. Sodanige vervreemding kan die produk wees van foutiewe opvoedingstyle, die huidige samelewing wat die materiële bó die individu plaas, asook 'n té komplekse sosiale organisasie en skielike sosiale verandering.

Opvoeders behoort die adolessent in die bemeestering van die volgende take, soos deur Thom (1984: 397) geïdentifiseer, behulpsaam te wees:

- Tydsperspektief teenoor tydsdiffusie

  Die adolessent moet begelei word sodat hy enersyds besef dat hy genoeg tyd het om sy doelwitte te bereik, maar andersyds dat hierdie tyd nie onbeperk is nie.

- Selfsekerheid teenoor apatie

  Selfsekerheid vereis van die adolessent 'n mate van onafhanklikheid en sosiale status binne sy portuurgroep. Sy siening van homself moet ook ooreenkom met ander se siening van hom. Indien dit nie die geval is nie, kan hy van die onsekerheid probeer ontvlug deur apaties te wees.

- Roleksperimentering teenoor negatiewe identiteit

  Soos vroeër aangetoon, eksperimenteer die adolessent met 'n verskeidenheid rolle - ook dié rolle wat deur volwassenes afgekeur word. Die opvoeder moet daarteen waak om genoemde roleksperimentering nie met 'n negatiewe identiteit te verwar nie.

- Prestasieverwagting teenoor werkverlamming

  Adolessente, maar ook hul ouers, is geneig om onrealistiese eise aan hulself en hul kinders te stel. Dit gee in baie gevalle aanleiding tot werkverlamming.

- Seksuele identiteit teenoor biseksuele verwarring

  Benewens geslagsrypheid word dit van die adolessent vereis om sy psigoseksuele rol te definieer en te aanvaar.

- Leierskapspolarisasie teenoor outoriteitsverwarring

  Die adolessent behoort begelei te word sodat hy homself kan sien as die leier van sekere persone en 'n volgeling van ander. Outoriteitsverwarring ontstaan wanneer die adolessent nie ander se gesag kan aanvaar nie en in ander gevalle nie as leier kan optree nie. Dit lê op die weg van die opvoeder om begeleiding in dié verband te verskaf.

- Ideologiese polarisasie teenoor verwarring van ideale

  Dit is die taak van die opvoeder om 'n waardestelsel by die adolessent te vestig sodat hy oor 'n basiese filosofie of ideologiese raamwerk sal beskik wat vir hom as basis kan dien.

Uit bogenoemde blyk dit dat indien identiteitsvorming nie na behore verloop nie, dit verreikende opvoedkundige implikasies kan hê.

### 2.3.6 <u>Emosionele ontwikkeling</u>

#### 2.3.6.1 <u>Verhoogde emosionaliteit</u>

Tydens adolessensie word van die jeugdige verwag om die veilige hawe wat kindwees bied, agter te laat sonder dat hy 'n vastrapplek in die volwasse lewe het.

Hierdie oorgang laat hom volgens Engelbrecht *et al.*, (1982: 84), dikwels onseker, onveilig en gespanne voel.

Emosionele ontwikkeling behels aldus Gouws *et al.*, (1979: 73), veel meer as net gevoel - die hele organisme is by emosie betrokke. 'n Kind wat hartseergevoelens ervaar, word deur sy ouers opgetel en vertroos. Die vroeë adolessent en die adolessent daarenteen, moet sodanige gevoelens self verwerk en die moontlike oorsake daarvan uit die weg ruim om dit sodoende die hoof te bied. Voorts is die adolessent se emosionele reaksie op die fisiese veranderinge wat in sy liggaam plaasvind net so belangrik soos die veranderinge self (Rice, 1981: 97).

Die Westerse samelewing plaas volgens Goldman (1994: 11) druk op die adolessent om gevoelens te onderdruk en te beheer. Sodanige druk kan tot psigologiese spanningstoestande in die latere lewe lei. Adolessensie word dan ook gekenmerk deur verhoogde emosionaliteit. Monteith *et al.*, (1986: 85), is van mening dat dit nie alleen dui op "meer as die normale" emosionaliteit nie, maar dat dit ook 'n sterker en langduriger ervaring van emosies impliseer. Sodanige verhoogde emosionaliteit is aldus Van der Westhuizen (1986: 85) die produk van onder andere die volgende omgewingsfaktore:-

- aanpassing by nuwe situasies wat anders is as dié van die ervaringswêreld van die kind;

- sosiale verwagtinge van meer volwasse gedrag;

- onrealistiese aspirasies wat lei tot gevoelens van ontoereikendheid;

- eise van sosiale situasies en verhoudings met die teenoorgestelde geslag;

- skoolprobleme en die besef van die belangrikheid van akademiese vordering;

- beroepskeuseprobleme;

- faktore wat identifikasie met die portuurgroep belemmer en

- ongunstige gesinsverhoudinge.

Verhoogde emosionaliteit manifesteer volgens Engelbrecht *et al.*, (1982: 86), in die volgende patrone:-

- Vrees en angs:- Tydens adolessensie word vrees dikwels gekoppel aan sosiale situasies. Vanweë hul selfbewustheid en onsekerheid is adolessente meermale bang om vreemdes te ontmoet, voor 'n groep op te tree of tussen mense te wees. Angs is dikwels die gevolg van gevoelens van persoonlike onbevoegdheid of van ontoereikendheid in sosiale situasies. Dit kom na vore as skaamte, vrees vir kritiek, onvermoë om kritiek te aanvaar en 'n gebrek aan selfvertroue. Angs maak die adolessent dikwels buierig, geïrriteerd, swartgallig, rusteloos en laat hom/haar óf oorreageer óf onderreageer.

- Woede, ergerlikheid en frustrasie:- Die adolessent se woede word gewoonlik deur sosiale situasies ontketen, soos wanneer hy gespot, geterg, belaglik gemaak, gekritiseer of onregverdig behandel word. Ergerlikheid is minder intens as woede. Die adolessent neig om persone of situasies wat hom irriteer te vermy. Frustrasie tree gewoonlik in wanneer hy nie kan bereik wat hy poog om te bereik nie, as hy onderbreek word in take wat hom boei of as hy weerhou word van dinge wat vir hom belangrik is.

- Jaloesie en afguns:- Aangesien die adolessent dikwels bang, onveilig en onseker voel oor sy status onder vriende word hy maklik die prooi van jaloesie en afguns.

### 2.3.6.2 Opvoedkundige implikasies

Die adolessent word as't ware in besit geneem van 'n behoefte om met sy nuutontdekte fisiese-, verstands- en emosionele vermoëns te eksperimenteer (Kanopka, 1991: 11). Hieruit blyk dit duidelik dat die opvoeder wat nie begrip het vir die emosionele ontwikkelingspatrone van die adolessent nie, nie in staat is tot sinvolle begeleiding van die adolessent in nood nie. Ofskoon emosionele potensiaal geneties van aard is, speel die opvoeding 'n belangrike rol in die wyse waarop verskillende emosies uitgeleef word.

Om geestesgesonde en goed aangepaste kinders te verseker, lê dit op die weg van die opvoeder om te sorg dat elke kind tuis en op skool veilig en geborge voel, met die besliste wete dat daar iemand is wat hy onvoorwaardelik kan vertrou. Dit word die beste verkry deur gemaklike, dog konsekwente dissipline en geleenthede vir skeppingswerk en sukseservaring en nie deur 'n toegeeflike, los of uiters streng atmosfeer nie. Werklike kommunikasie en begrip help om die adolessent emosioneel op 'n gesonde wyse te laat ontlaai, aangesien hy self nie weet waarom hy op 'n bepaalde wyse optree nie.

Engelbrecht *et al.*, (1982: 87), is van mening dat egte aanvaarding, opregte belangstelling, hartlikheid, toegeneentheid, respek vir die jeugdige se standpunte en menings faktore is wat hom begelei na emosionele volwassenheid.

### 2.3.7 Sosiale ontwikkeling

#### 2.3.7.1 Geïntegreerde aard van sosiale ontwikkeling

Die sosiale ontwikkeling van die adolessent hang ten nouste saam met sy totale persoonsvorming. Sy vermoë om ontwikkelingstake, wat verband hou met sy sosiale ontwikkeling, te bemeester word volgens Postma (1986: 93), in 'n groot mate beïnvloed deur sy liggaamlike- en kognitiewe rypheid. Volgens Thom (1984: 373), speel die volgende faktore ook 'n bepalende rol in die sosiale ontwikkeling van die adolessent:-

- die kompleksiteit of vlak van modernisering van die betrokke samelewing;
- die kenmerke van sy subkultuur (etnies en sosio-ekonomies) en die houding van die samelewing teenoor sodanige subkultuur; en
- die gesinstruktuur en die invloed van die ouers; asook
- die portuurgroep waarmee hy in toenemende mate konformeer (Postma, 1986: 93).

#### 2.3.7.2 Veranderde gesinstruktuur

Die gesinstruktuur het oor die jare rewolusionêre veranderinge ondergaan: verstedeliking, industrialisasie en groter mobiliteit in die Westerse samelewing het die uitgebreide gesinstruktuur laat krimp tot 'n kerngesin wat uit die vader, moeder en kinders bestaan. Garbers (1983: 13), is van mening dat dit 'n besliste invloed uitgeoefen het op die adolessent se sosialiseringsrol, veral as in ag geneem word dat die gesin 'n vertrouensruimte bied waarin die adolessent vry en sorgeloos kan

beweeg en wat as basis dien vanwaar hy sy bedrywighede kan onderneem. Hierdie kerngesin het selfs nog verder gekrimp deurdat werksomstandighede en/of druk sosiale programme ouers se tyd in toenemende mate opeis. Navorsing deur De Jong (1992: 367), wys daarop dat adolessente wie se ouers nie emosioneel beskikbaar is nie, meer geneig is tot depressie en selfmoord.

Vroeër het ouers 'n homogene groep met dieselfde waardes en houdings gevorm en is hulle gesien as gesagsfigure wat oor wysheid beskik en as effektiewe rolmodelle kan dien. Vandag word ouers egter gekenmerk deur verdeeldheid in status, politieke menings, persoonlike standaarde en moraliteit (McCormack, 1985: 15). Dit dra volgens Thom (1984: 374), by tot 'n afname in die gesag van die volwasse kultuur en die tradisionele siening dat kinders deur die ouers gevorm word, het volgens Santrock (1981: 228), plek gemaak vir wedersydse vorming en aanpassing. Die hedendaagse adolessent beskik dus nie oor die stabiele wegwysers waaroor sy voorgangers beskik het nie (McCoy, 1982: 18). Die adolessent moet dus volgens Thom (1984: 374), sy ontwikkelingstake sonder 'n duidelike verwysingsraamwerk van sy ouers bemeester. Seifert en Hoffnung (1991: 607), wys in dié verband ook op die middeljare-krisis wat deur ouers van adolessente ervaar word en die negatiewe effek wat dit op die ouer-adolessentverhouding het. Dit impliseer egter nie dat die ouer sy verantwoordelikheid as begeleier in die opvoedingsproses kan ignoreer nie - trouens, dit onderstreep slegs die noodsaaklikheid van kragdadige insette van sy kant af.

### 2.3.7.3 <u>Adolessente portuurgroep</u>

Die adolessent het reeds sedert sy middelkinderjare behoefte daaraan om homself met 'n groep te identifiseer (Berk, 1991: 622). Volgens Engelbrecht *et al.*, (1982: 90), vind die adolessent wat met soveel onsekerheid besig is om die volwasse wêreld te verken, binne die portuurgroep die sekerheid en aanvaarding waarna hy

hunker.Die portuurgroep bied verder die geleentheid om met nuwe sosiale situasies te eksperimenteer; dit bied spontane ontmoetingsgeleenthede vir die aanknoop van heteroseksuele verhoudings.

Aangesien die waardes en norme van 'n gemeenskap oor die algemeen ook in die portuurgroep geld, help die portuurgroep die adolessent om sosiaal aanvaarbaar te wees (Postma, 1986: 104). Die portuurgroep dien as verwysingsraamwerk vir die adolessent deurdat hy homself met ander vergelyk en homself evalueer. Sodoende kry hy veel meer objektiewe terugvoering as wat hy ooit van sy ouers kan kry (Hamachek, 1980: 95).

#### 2.3.7.4 <u>Vriendskappe</u>

'n Vriendskapsverhouding tydens vroeë adolessensie is van 'n meer intieme aard en individue is meer bereid om hulself bloot te stel (Berk, 1991: 461). Dit word volgens Thom (1984: 383), dikwels gekenmerk deur groter emosionele intensiteit, nadruk op die vriend/in se lojaliteit, betroubaarheid, begrip en vermoë tot empatie en deur 'n opregte belangstelling in mekaar. Die waarde van sodanige vriendskap is geleë in die mate waartoe dit tot die verryking van die persoonlikheid bydra. In die proses word individuele verskille aanvaar en selfs waardeer.

Soos met die meeste aspekte van sosiale en psigologiese ervaring, bereik vriendskapsbande ook wasdom tydens adolessensie (Garbarino, 1985: 440).

#### 2.3.7.5 <u>Sosiale aanvaarding of -verwerping</u>

Die wete dat mense van hom hou en dat hy deur ander aanvaar word, is vir die individu op enige ouderdom baie belangrik, maar dit blyk volgens Hamachek (1980: 97), krities te wees tydens adolessensie. Aangesien die meeste adolessente

hul waardes in terme van ander se reaksies beoordeel en afhanklik is van die portuurgroep se goedkeuring, ondersteuning en aanvaarding (Thom, 1984: 380), is dit noodsaaklik dat die adolessent wel deur die groep aanvaar sal word. Aanvaarding is makliker wanneer die adolessent met die waardes, gewoontes en belangstellings van die groep konformeer en dieselfde sosio-ekonomiese agtergrond het (Thom, 1984: 380). Daarenteen is die adolessent wat verwerp word dikwels emosioneel ontwrig, behep met homself en toon 'n negatiewe selfbeeld. Dit lei daartoe dat sy isolasie verder toeneem en sy selfvertroue 'n verdere knou kry.

### 2.3.7.6 Opvoedkundige implikasies

Die belangrikheid van sosiale ondersteuning en intieme verhoudings as skans teen depressiewe gevoelens mag nooit uit die oog verloor word nie (Aro, 1994: 62). Om die adolessent in sy sosiale vorming by te staan is dit belangrik dat opvoeders hul toenemend sal lei tot groter selfstandigheid. Dit is egter belangrik dat opvoeders byderhand sal wees wanneer die adolessent hom in situasies bevind wat hyself nog nie kan hanteer nie (Engelbrecht *et al.*, 1982: 89). In dié verband blyk dit dat adolessente wat "demokraties " opgevoed word en wat geraadpleeg word in sake wat hulle raak, positief teenoor hul ouers ingestel is en vertroue in hul eie vermoëns het (Nelsen & Lott, 1991: 47; Fletcher, 1993: 17; Deist, 1990: 54). Die adolessent wat egter nie oor die nodige probleemoplossingsvaardighede en interpersoonlike vaardighede beskik nie, kan egter die een of ander affektiewe ongesteldheid, waaronder depressie, ontwikkel.

Voorts moet sosiale vorming in die huis en skool die kind leer om onselfsugtig te dien en te gee. 'n Sosiaal gevormde mens is iemand wat op 'n gebalanseerde wyse sy verantwoordelikhede en voorregte in die maatskaplike struktuur kan uitleef.

### 2.3.8 Morele ontwikkeling

#### 2.3.8.1 Ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent is om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel. In dié proses word sekere waardes bevraagteken en ander aanvaar. In die moderne samelewing rus die verantwoordelikheid om 'n waardestelsel te ontwikkel grootliks op die individu self. Ofskoon daar in baie gevalle geen riglyne of reëls verskaf word nie, word daar van die adolessent verwag om keuses uit te oefen. Die noodsaaklikheid van begeleiding in dié verband mag nie gering geskat word nie.

Volgens Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling bevind die adolessent hom waarskynlik op die konvensionele vlak van morele ontwikkeling (Windmiller, 1980: 214). Op hierdie vlak konformeer die individu met persoonlike verwagtings en die sosiale orde. Hy is lojaal en ondersteun hierdie sosiale orde aktief en identifiseer met die persone of groepe wat daarby betrokke is (Scot, 1986: 166).

#### 2.3.8.2 Faktore wat die morele ontwikkeling beïnvloed

Die volgende faktore beïnvloed volgens Thom (1984: 371), die aard van die adolessent se morele ontwikkeling:

- Ouerlike houding en optredes:- Die ouer/kindverhouding bepaal in 'n groot mate of die kind se morele waardes geïnternaliseer word al dan nie. So sal 'n geborge atmosfeer, ouers wat goeie rolmodelle is en van induktiewe dissiplinêre tegnieke gebruik maak, verseker dat internalisering wel plaasvind.

- Die portuurgroep:- Naas die huisgesin is die portuurgroep waarskynlik die belangrikste veranderlike in die ontwikkeling van 'n waardestelsel. Die adolessent konformeer in 'n groot mate met die standaarde en gedragsbeperkinge wat deur die groep gestel word. Ofskoon die waardes wat deur die portuurgroep gehandhaaf word van dié van die ouers kan verskil, is dit nie noodwendig die geval nie. Indien konflik wél voorkom, is die hantering daarvan deur die ouers van groter belang as die konflik self.

- Godsdiens:- Die adolessent se houding teenoor godsdiens beïnvloed morele ontwikkeling - só toon diegene wat meer betrokke is by godsdienstige aktiwiteite groter morele verantwoordelikheid; hulle sien die toekoms as meer voorspelbaar en seker; ervaar groter sekuriteit; identifiseer in groter mate met die ouers se houdings, waardes en gedrag. Voorts kom voorhuwelikse geslagsgemeenskap, alkohol- en dwelmmiddelgebruik minder algemeen onder hulle voor.

- Geslagsrol:- Op die vlak van konvensionele moraliteit word geslagsrolgedrag hoofsaaklik deur stereotipe verwagtinge bepaal. Die adolessent kies dus nog nie sy gedrag volgens sy eie voorkeure nie, maar volgens die sosiale voorskrifte en geslagsrolstereotipes van die portuurgroep.

### 2.3.8.3 Opvoedkundige implikasies

Die jong adolessent se morele probleme mag nooit ligtelik opgeneem word nie. In uiterste gevalle kan sodanige probleme vir die adolessent onoorkomelik wees en hy so daardeur oorspoel word dat hy selfmoord pleeg (Engelbrecht *et al.*, 1982: 96).

Tydens vroeë adolessensie word diegene wat hulself as vroom voorhou baie krities beoordeel. As die geringste teken van skynheiligheid bespeur word, kan dit lei tot algehele verwerping. Daarteenoor kan die bevestiging van hoë morele waardes deur gedragsuitinge die adolessent sterk aanspreek en positief beïnvloed. Dit plaas dus 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die gelowige opvoeder om deur voorlewing en begeleiding die adolessent te lei tot die vorming van 'n positiewe morele waardestelsel.

Die verwerwing van 'n persoonlike morele waardestelsel voorsien die adolessent nie slegs van 'n verwysingsraamwerk waarteen oordele geëvalueer kan word nie, dit bevorder ook die psigiese welsyn van die adolessent en sal hom as sodanig staal teen depressiewe gevoelens. Deur voortdurende inskerping van konsekwente optredes en behoudende waardes kan die opvoeder die kind begelei om 'n geskikte verwysingsraamwerk op te bou. Offer en Church (1991: 397), wys daarop dat daar meer eenstemmigheid as verskille tussen ouers en adolessente ten opsigte van die vestiging van 'n morele waardestelsel en gesindhede bestaan, as wat algemeen aanvaar word.

## 2.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 2 is die aard en wese van die middeladolessent, met spesifieke verwysing na die ontwikkeling wat tydens dié fase voorkom en die opvoedkundige implikasies wat dit vir die opvoeder inhou, onder die loep geneem.